| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Streeklanddroste: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno:: **K/S 59/97**

Datum verhoor: **15/09/2006**
Datum ingehandig: **18\09\2006**

In die saak van:

**THEYS, LAZARUS** **APPLIKANT**

en

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

*Coram: Majiedt R*

## UITSPRAAK op AANSOEK om VERLOF om te APPELLEER

**MAJIEDT R:**

1] Hierdie is die volledige redes vir die bevel wat ek *ex tempore* op 15/09/2006 verleen het. Die applikant doen aansoek vir verlof om te appelleer teen die vonnis hom opgelê in hierdie Hof. Hy is alreeds so lank gelede as 12 Februarie 1998 gevonnis deur Steenkamp R (soos hy toe was).

2]Die applikant is meer as 8 (agt) jaar laat met hierdie aansoek. Sy verduideliking vir hierdie geweldige versuim het maar bitter min om die lyf, naamlik die teen nou welbekende refrein wat so dikwels in sulke aansoeke voorkom, dat hy nie hofprosedure ken nie en nie geweet het wanneer hy appèl moes aanteken nie.

Gewoonlik sou 'n aansoek met so 'n onoortuigende verduideliking beswaarlik die mas opkom. Gegewe egter die uniekheid van hierdie saak, meen ek dat na die meriete gekyk moet word ten einde die aansoek behoorlik te bereg.

3]Die applikant is (behoorlik, só gee hy tereg toe in sy aansoekstukke) skuldig bevind aan die volgende misdrywe:

[31] Aanklag 1 – moord;

[32] Aanklag 2 – poging tot moord;

[33] Aanklag 3 – poging tot moord;

[34] Aanklag 4 – bestuur van 'n motorvoertuig terwyl sy bloedalkoholvlak die statutêr voorgeskrewe perk oorskry (as alternatief op die hoofklag van dronkbestuur waarop hy onskuldig bevind is);

[35] Aanklag 5 – roekelose bestuur;

[36] Aanklag 6 - aanranding met die opset om ernstig te beseer;

[37] Aanklag 7 – aanranding gewoon.

4]Op die bovermelde aanklagte is die applikant as volg gevonnis:

| | |
|---|---|
| gKlag 1 | 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf |
| Klag 2 | 10 (tien) jaar gevangenisstraf |
| Klag 3 | 2 (twee) gevangenisstraf |
| Klag 4 | 6 (ses) maande gevangenisstraf (alternatiewelik) |
| Klag 5 | 6 (ses) maande gevangenisstraf |
| Klag 6 | 3 (drie) jaar gevangenisstraf |
| Klag 7 | 2 (twee) maande gevangenisstraf |

Die vonnisse van klagtes, 3, 4, 5, 6, en 7 moet saam uitgedien word met klagtes 1 en 2. Dus moet die beskuldigde 'n effektiewe gevangenisstraf van 25 jaar uitdien. Die Departement van Korrektiewe Dienste word versoek om nie die beskuldigde op parool vry te laat voordat hy nie $^{2}/_{3}$ van sy gevangenisstraf uitgedien het nie."

Die bovermelde aanhaling is geneem vanaf bylae B tot die lasbrief tot aanhouding wat deur Steenkamp R en sy griffier onderteken is.

5]Steenkamp R het toe as volg gelas in sy uitspraak (ek gee dit verbatim en volledig weer soos wat dit op die oorkonde verskyn):

gDie Hof gelas dat die **VONNISSE OP AANKLAGTE 1 EN 2 SAAM MOET LOOP EN UITGEDIEN MOET WORD, ASOOK AANKLAGTE 3, 4, 5, 6, EN 7** Dit beteken dat u **VYF EN TWINTIG (25) JAAR EFFEKTIEWE GEVANGENISSTRAF** gekry het en die Hof beveel aan dat die Departement van Korrektiewe Dienste u nie sal vrylaat voor u nie minstens twee-derdes van u vonnisse uitgedien het nie.
(eie beklemtoning)

6]en Nalees van die bovermelde passasie skep by my die indruk dat, alhoewel Steenkamp R moontlik bedoel het met dié bevel dat die applikant effektiewelik vyf en twintig (25) jaar gevangenisstraf moet uitdien, die opgelegde vonnis self eerder vatbaar is vir 'n ander uitleg.

Na my oordeel beteken die woorde *"die vonnisse op aanklagte 1 en 2 saam moet loop en uitgedien moet word, asook aanklagte 3, 4, 5, 6, en 7"* in sy normale betekenis 'n vonnis van 15 jaar effektiewe gevangenisstraf. Dit kan moontlik ook, soos wat Mnr. Barnard namens die Staat betoog het, vatbaar wees vir 'n uitleg van 18 jaar effektiewe gevangenisstraf.

7]Art. 280(1) en (2) van die Strafproseswet, 51 van 1977, bepaal as volg:

> "(1) Wanneer iemand by 'n verhoor aan twee of meer misdrywe skuldig bevind word of wanneer iemand wat gevonnis staan te word of wat straf ondergaan aan 'n ander misdryf skuldig bevind word, kan die hof hom veroordeel tot die verskillende strawwe vir daardie misdrywe of, na gelang van die geval, tot die straf vir so 'n ander misdryf, wat die hof bevoeg is om op te lê.
> (2) Bedoelde strawwe, wanneer hulle uit gevangenisstraf bestaan, neem 'n aanvang die een na die verstryking, tersydestelling of kwytskelding van die ander in die volgorde wat die hof gelas, tensy die hof gelas dat sodanige gevangenisstrawwe saamloop."

8]Art. 39(2) van die Wet op Korrektiewe Dienste, 111 van 1998 bepaal as volg ten aansien van die sameloping van vonnisse:

> "(2)(a) Behoudens die bepalings van paragraaf (b), sal 'n persoon wat meer as een vonnis van gevangenisstraf opgelê word of bykomende vonnisse ontvang terwyl hy of sy 'n termyn van gevangenisstraf uitdien, elke sodanige vonnis na die verstryking, tersydestelling of kwytskelding van die ander uitdien in die volgorde wat die Kommissaris bepaal, tensy die hof spesifiek andersins beveel, of tensy die hof beveel dat sodanige vonnisse gelyktydig uitgedien moet word maar moet-
> (i) enige bepaalde vonnis van gevangenisstraf wat deur enige persoon uitgedien word gelyktydig met 'n lewenslange vonnis uitgedien word of met 'n vonnis van gevangenisstraf wat deur sodanige persoon uitgedien word as gevolg daarvan dat hy of

sy as 'n gewoontemisdadiger of 'n gevaarlike misdadiger verklaar is;

(ii) een of meer lewenslange vonnisse en een of meer vonnisse wat uitgedien word as gevolg daarvan dat 'n persoon as gewoontemisdadiger of 'n gevaarlike misdadiger verklaar is, ook gelyktydig uitgedien word; en

(iii) geen plasing of vrylating van 'n gevaarlike misdadiger plaasvind behalwe ingevolge artikel 286B van die Strafproseswet nie.

(b) In die geval van die oplegging van meer as een tydperk van gevangenisstraf, moet die nie-parool tydperk of tydperke, soos vasgestel deur die hof, agtereenvolgend uitgedien word voordat 'n gevangene vir parool in aanmerking mag kom."

9]Dat die geleerde Regter bedoel het om effektiewe gevangenisstraf van vyf en twintig (25) jaar op te lê, blyk nie net uit die hierbo aangehaalde passasie self nie (sien par. 5), maar ook uit bylae B tot die lasbrief, wat hy sowel as sy griffier onderteken het en wat in par. 4 aangehaal is. Ek haas my egter om uit te wys dat die samelopings-bevel in bylae B anders lees as die samelopingsbevel in die vonnisuitspraak hierbo aangehaal, deurdat die samelopingsbevel in bylae B lees:

"Die vonnisse van klagtes 3, 4, 5, 6 en 7 moet saam uitgedien word met klagtes 1 en 2."

Gevolglik dus is daar aansienlike onsekerheid by my aangaande die bevel van sameloping van vonnisse wat gemaak is. Indien die vonnisuitspraak korrek getranskribeer is, beteken dit in my oordeel vyftien (15) jaar effektiewe gevangenisstraf of moontlik 18 jaar effektiewe gevangenisstraf. Hetsy dit 15 jaar of 18 jaar gevangenisstraf is, is dit uiteraard ingrypend minder as vyf en twintig (25) jaar gevangenisstraf wat klaarblyklik bedoel was om opgelê te gewees het. Ek moet volledigheidshalwe daarop wys dat die

gevangenisowerhede blykens hulle skrywes in die hofleêr ook die aangeleentheid benader op die basis dat die applikant vyf en twintig (25) jaar gevangenisstraf moet uitdien.

10]In die belang van reg en geregtigheid moet daar na my mening 'n geleentheid gebied word aan die applikant om in hoër beroep te gaan, gegewe die voormelde onsekerheid oor die opgelegde vonnis. Bowendien en in elk geval is ek van oordeel dat daar redelike vooruitsigte op sukses in 'n appèl teen die vonnis van vyf en twintig (25) jaar effektiewe gevangenisstraf is, gegewe die kumulatiewe effek daarvan.

Verder moet daar na my mening ook weer na die tersaaklike bandopname geluister word ten einde die korrektheid van die transkripsie te verifieer. Wat deurslaggewend sal wees is natuurlik die geleerde Regter se **ipsissima verba** op die bandopname en nie bylae B tot die lasbrief tot aanhouding nie.

11]Die volgende bevel word uitgereik:

**[121] Die applikant se aansoek vir kondonasie word toegestaan.**

**[122] Die applikant word verlof verleen om na 'n Volbank van hierdie Hof te appelleer teen sy opgelegde vonnis.**

**[123] Die Griffier van hierdie Hof word gelas om na die bandopname van die verrigtinge ten aansien van Steenkamp R se vonnisuitspraak, meer bepaald die bevel ten opsigte van die sameloping van die vonnisse van gevangenisstraf, te luister en by wyse van 'n eedsverklaring te boekstaaf, sover moontlik, wat Steenkamp R se verbatim bevel was.**

**[124] Die voormelde eedsverklaring moet so gou doenlik en in elk geval voordat die applikant se appèl terrolle geplaas word, op die hofleêr geplaas word.**

________________

SA Majiedt
**REGTER**

Namens die applikant: Adv J Cloete

Namens die respondent: Adv T Barnard